



Die

In die party-politiek word GEVRY na die volk.



In die Ossewabrandwag word GEVEG vir die volk.

EERSTE JAARGANG.

WOENSDAG, 12 AUGUSTUS 1942.

No. 40.

Empire-Oorwinning en Boerevryheid Is Met Mekaar Onversoenbaar

Siende dat die koerante in die jongste dae 'n uittaling van 'n verantwoordelike politikus gebring het oor 'n onlangse Duitse radiosending, sowel as allerhande kommentaar daarop, wil ek vandag hoofsaaklik daaroor praat. Dit hang met ons vryheidstewe eng saam en ek sal graag eers 'n paar woorde oor hierdie stewe sê, het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, op 1 Augustus sy toespraak op Parys begin.

Dat die stewe na vryheid nie net geregtigdigd maar self gebiedend is, hoef ek nie te bewys nie, het hy voortgegaan. Selfs die Empire se handlanger-regering hier het 'n „V”-kampanje op tou gesit. En hulle vertel ons dat „V” vir vryheid staan, terwyl hulle die Engelsprekendes vertel dat „V” „stands for Victory”.

Maar 'n Empire-Victory en Afrikanervryheid is onversoenbaar, omdat die Afrikaner juis van die Empire wil vrykom. Afrikanervryheid het nog net een geskiedkundige vyand gehad. En die geskiedenis is organies, net soos 'n volk. Van die geskiedenis is die woord waar „In die verlede lê die hede,” en in vandag wat nog moet kom.

Die hele geskiedenis het ons geleer dat „Empire Victory” en Afrikanervryheid met mekaar onversoenbaar is. Solank die Empire staan is die Republiek hier onmoontlik. Om baie redes, politiek, ekonomies en veral strategies, kan en durf Engeland nie afsien van sy houvas op Suid-Afrika nie. En dit help nie om doekies om te draai nie.

As die Empire wen, kan ons die Republikeinse ideaal wat ons koester as 'n idee beskou, maar nie as praktiese politiek nie. Die Adjunk-Eerste Minister, kolonel Reitz, het ons reeds die brutale belofte gedoen dat ons na die oorlog „ondergeploeg” gaan word. Ons het nou al 'n voorsmaak van die belofte: Interneringskampe en tronke vol van gevangenes uit alle beroepe, klasse en provinsies — predikante, boere, studente, professore, werksmanne, amptenare. Alle klasse — maar net een ras. Almal net Afrikaners, want in Suid-Afrika is dit net die landseun wat verdag is.

As dit vandag al gebeur, waar die Empire swak is, kan uself dink wat na 'n „Empire Victory” gebeur, wanneer kolonel Reitz se ploegtyd begin.

DUITSE OORWINNING

Nee, laat ons ruitelik erken dat die Republikeinse Christelik-nasionale ideaal, of altans die verwesenliking van die ideaal, geheel en al afhanklik is van 'n Duitse oorwinning oor die kapitalistiese Empire en die anti-Christelike kommunisme.

Ek kan verstaan dat mens teen 'n Duitse oorwinning is, maar ek kan nie verstaan dat mens dan nie vir 'n kommunistiese of Empire Victory veg nie.

Ek herhaal dus, die Ossewabrandwag, die ruggraat van die republikeinse Afrikanerdom, meen dat 'n Duitse oorwinning vanselfsprekend 'n voorwaarde is, voordat die Afrikaner-Republiek tot stand kan kom. Dit is trouens her-

haaldelik ook gesê deur andere.

En nou kom ek op die gevolge van hierdie vanselfsprekende insig.

Omdat die Ossewabrandwag hierdie insig gehuldig het, het hy as soldatedom van die Republiek nooit probeer om sy vriendskaplike gesindheid teenoor die Duitse volk te verberg nie. By elke geleentheid en onlangs ook in die Manifest van die Grootraad het ons betuig dat ons met almal op vriendskaplike voet wil verkeer, maar veral met 'n volk wie — net soos ons — 'n afkeer het in gemengde huwelike en gemengde woonbuurtes en Hoggenheimer en liberalisme.

Daarvoor is ons van allerweë uitgekryt as „Nazis”, „vyfde kolonners”, „Quislings” en „Duitse Sappe”. Deur die demokrate om genl. Smuts sowel as deur die demokrate om dr. Malan.

Maar ons was nie vyfde kolonners of Duitse Sappe nie. Ons was die Afrikanerdom se eerste kolonne en goeie republikeine. Een ding egter het ons in die Ossewabrandwag verhoed, nl. dat die Afrikanerdom in 'n noodlottige anti-Duitse stemming gehits word deur ongepaste sowel as onnodige besluite en betoë teen die Nasionaal-sosialisme. Dit het ons nie getraak deur wie ook al hierdie anti-Duitse stemming gekom het nie, ons het ons poorte daarteen gesluit. Of dit gekom het van die demokrate om generaal Smuts of van die demokrate om dr. Malan. Nie omdat ons „Duitse Sappe” is nie, al hou ons van die Duitsers — en dit met goeie gronde! — nie omdat ons Duitse Sappe is nie, maar omdat dit Realpolitiek is, praktiese republikanisme. Ons verwag geen republiek van Churchill of Stalin nie.

Dit kom of deur Duitsland se toedoen of glad nie. En die Ossewabrandwag het terwille van die Afrikanerdom dienooreenkomstig gehandel, omdat hulle die soldate van die Republiek is.

RADIOSENDING

Nou kom ek op die Duitse radio-sending en dr. Malan se verklaring daaroor. Dalk sou dit goed wees en die lug suiwer as ek dit vir u lees. Aangesien dit breedvoerig bespreek is in alle blaie, sou dit simpel wees om dit langer in 'n doofpot te hou.

Hierop het dr. Van Rensburg gesê dat die verklaring as volg lui:

„Duitsland het nog altyd die grootste belangstelling gehad in die vrywording van die Afrikanervolk en dit was met hierdie belangstelling dat hy die ontwikkeling van sake in S.A. gevolg het. Hy het die Herenigde Nasio-

nale Party beskou as die verteenwoordiger van die nasionaalgesinde Afrikanerdom en het met die grootste waardering kennis geneem van wat deur nasionaalgesindes gedoen is om die oorlog teen te gaan. Maar daarna het die Herenigde Nasionale- of Volksparty in duie gestort toe genl. Hertzog daar uit is, die Afrikanerparty afgestig is en oud-minister Pirow met agtien volgelingen uit die Party gestap het. Ook het daar 'n stryd ontbrand tussen die wat oorgebly het in die Herenigde Nasionale Party en die Ossewabrandwag.

„Hierdeur het, nie Duitsland nie, maar hulle en „Die Transvaler”, Smuts se saak bevoordeel. Dit is nie Duitsland wat Afrikaners Smuts laat steun nie, maar daardie politici en hul koerante wat hul mede-Afrikaners beveg en die eenheid van die Afrikanervolk vernietig.

„Van sekere kant is beweer, op 'n tydstip toe Duitsland se leërs aan die Oosfront teen die Bolsjewisme geveg het, dat Duitsland S.A. graag in besit sal wil neem en dat hy Simonstad sal vat.’ Duitsland het egter herhaalde maal duidelik uit Zeesen die versekering aan die Afrikanervolk gegee dat hy die Afrikanervolk se vryheidstryd waardeur en altyd op vriendskaplike voet met die Afrikanervolk wil leef.

„Duitsland het geen die minste belangstelling in die regeringsvorm van die Afrikaners nie, maar slegs in hul vrywording. Hulle kan 'n staatsvorm kies net soos hulle wil, mits daardie staat nie regeer word in die belang van 'n buit- (Vervolg op bls. 2)

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag

GEBRUIK

LIFEBUOY-

GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP— DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

'n Produk van LEVER BROERS.

EMPIRE-OORWINNING EN BOEREVRYHEID

(Vervolg van bls. 1)

telandse moondheid nie en eg Afrikaans is. „Dit is tog duidelik dat die bevryding van die Afrikanervolk van die Britse juk alleen deur 'n Duitse oorwinning kan geskied. Maar ten spyte van hierdie herhaalde versekerings het 'n sekere verantwoordelike politikus onlangs aan Duitsland die vraag gestel „wat hy voor het met S.A.; Duitsland moet nou sê of hy voornemens is om S.A. te regeer, of hom sy vryheid te gee'. Met die oog op al die versekerings was hierdie vraag een van verbasende onkunde en daarby onverklaarbaar.

„In die stryd teen Smuts staan Duitsland aan die kant van die nasionaalgesindes wat die volk wil dissiplineer en volkseenheid soek en nie by daardie politici wat alleen persoonlike voordeel en partybelang soek en sodoende die Afrikanervolk wil verdeel nie.”

Hierdie verklaring wat deur dr. Malan „voorlopig aanvaar” is, is die eerste verklaring waaroor Die Transvaler byna amegtig van woede geword het. Maar nou dat sy baas die sweep geklap het wil ons die hoop uitspreek dat ook Die Transvaler sal ophou met anti-Duitse skimp en ophou om mede-Afrikaners uit te skel vir „Duitse Sappe.”

Dr. Malan het die verklaring „voorlopig aanvaar”. Ons bly hom daarvoor dankbaar.

O.B. SE STANDPUNT

Nou wil ek namens die Ossewabrandwag verklaar dat ons ook die verklaring verwelkom. Ons is bewus daarvan dat dit maar net die konsekwente voortsetting is van die beleid soos die Nasionaal-sosialistiese Duitsland dit vir die laaste jare voorgestaan het.

Om hierdie sowel as om ander redes was die

leiding van die Ossewabrandwag, tenspyte van die sterkste druk vansyde die politici en hul pers, ten enenmale beslis dat geen kantkiesery teen die Nasionaal-sosialisme of ander provokasiewe uitings in die naam van ons beweging sou geskied nie.

Ons wou nie Duitsers van die Afrikaners maak nie. Ons kon ook geen Duitsers van die Afrikaners maak nie. **God het ons eenmaal Afrikaners gemaak en ons kan en wil niks anders wees nie.** Ons positiewe beleid, soos beliggaam in die Manifest van die Grootraad, is tenspyte van persboikot aan alle belangstellendes, vriend of vyand, bekend.

Maar ons het geweier om anti-Duits te word net om demokrate, hetsy die demokrate om generaal Smuts of hetsy die demokrate om dr. Malan te plesier.

Dit wil my voorkom of daardie deel van ons stryd nou verby is en die „Duitse Sap”-aantygting nou kan vergeet word. Die Ossewabrandwag is hieroor dankbaar, daar hy nog die tyd nog die lus het om sy mede-Afrikaner te bestry. Hy ken net een vyand en dit is die Kapitalistiese Imperialisme.

In die stryd teen daardie vyand het hy sy offers gebring en is hy bereid om hul ook verder te bring.

TOT DIE EINDOORWINNING TOE!

£5 BOETE NA TWEE MAANDE SE OPSLUITING

Genl. C. L. de Jager, A.K.G. van die Vrystaat, is 'n boete van £5 opgelê op elke aanklag nadat hy skuldig bevind is weens die besit van 'n rewolwer sonder lisensie en vyftien .22-patroontjies.

Hierdie boete is hom opgelê nadat hy vir byna twee maande in die tronk opgesluit was.

Ons verneem dat genl. De Jager nog aangehou word.

BESKULDIGINGS

Die Engelse en jingo's beskuldig dr. Malan en die Ossewabrandwag vir die gewelddade wat in die land plaasvind.

Dr. Malan en sy pers beskuldig republikeinse leiers daarvoor en verklaar dat daardie leiers gestraf moet word.

Die Ossewabrandwag beskuldig die Regering dat hy deur sy wanbeleid en perkelose vervolging van Afrikaners die oorsaak is dat daar toevlug geneem word tot geweld. Die Ossewabrandwag hou hom aan sy eed om geen mede-Afrikaner in die stryd te verlaat of te verraa nie.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

Schoemannello-Drank VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

	PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in geneëng-de kassie van 12 bottels.	PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kassie van 12 bottels.	PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer.
WYNE:			
Fonkelwyn	5/-	5/-	—
Lewenswyn	3/6	3/6	—
Vermouth	2/6	2/6	—
Hanekraai-Cocktail	3/6	3/-	—
Likeurwyn	2/-	1/8	8/6
Jeripigo, Rooi	1/3	1/1	6/-
Jeripigo, Wit	1/3	1/1	6/-
Soet Muskadel	1/2	1/-	5/6
Port	1/2	1/-	5/6
Worcester Hock	1/1	11d.	5/-
Pontak	1/1	11d.	5/-
Spesiale Sjerrie	11d.	10d.	4/6
Sjerrie	10d.	9d.	4/-

BRANDEWYNE:			
Schoemannello	5/9	5/-	26/6
Ekstra Spesiaal	5/6	4/9	25/-
F.C.	5/-	4/3	24/-

JENEWER	6/-	5/-	—
---------	-----	-----	---

LIKEURS:			
Kersie-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Anys-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Gemmer-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Lemoen Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Peperment-Likeur	5/-	4/3	24/-
Van der Hum	5/-	4/3	24/-

JENEWER LIKEURS:			
Lemoen Jenever	6/-	5/-	—
Suurlemoen-Jenever	6/-	5/-	—

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons ele bottels, kassies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van 21-15-0 beloop. Indien goedkoper kassies verlang word moet u u ele inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kassies of 5-gellingvaatjies of groter. U kassie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na alyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

JURGENS SCHOEMAN
POSBUS 142. OUDTSHOORN.

DIE AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL

Uitgewers en Boekhandelaars

DIE LIEF EN LEED VAN ONS GESLAGSLEWE.

(Deur Prof. D. W. A. Willemse.)

Hierdie is 'n opspraakwekkende boeksensasie: Die eerlikste en moedigste werk in Afrikaans wat oor 'n onderwerp dusver met veel skuheid en preutsheid benader is. Die intiemste aspekte van die menslike geslagslewe. Openhartig en sonder om doekies om die waarheid te draai. Die boek is geskryf in 'n gees van hulpvaardigheid, om aan duisende wat met die lewensbelangrike probleem stry, lig en rigting te gee. Slegs vir volwassenes bedoel.

Prys: 6/6 Posvry.

DIE SUIGELING EN VOORSKOOLOSE KIND.

(Deur Mev. M. E. Theron.)

In sy voorwoord sê dr. G. W. Eybers: Hierdie boek is dan ook by uitstek en in die eerste instansie 'n moeder se boek, geskryf deur 'n vrou wat nie alleen ryke ervaring opgedoen het met die versorging en opvoeding van kinders gepaard ook deur 'n moeder wat besondere verstand het van 'n moeder se probleme. Die warm-simpatieke gees waarin sy oor die kind skryf, sal die leser meteens opval. Die hele kind word in oënskyn geneem, en daar word ADVIES gegee wat GOUD werd is. Hierdie belangrike werk handel oor die gesondheid en geluk van die moeder, oor die liggaamlike versorging van die klein kind, oor die ontwikkeling van sy persoonlikheid, oor die groei van sy karakter en oor die aankweek van beskaafde lewensgewoontes.

Prys: Slegs 5/6 Posvry.

Bestel van:

Die Afrikaanse Pers-Boekhandel
Bus 845, Pleinstraat 3, Johannesburg

KORTSTONDIGE WELSLAE VAN PARTYPOLITIEKE STREWE

Ander Party Maak Weer Alles Tot Niet Wat Bereik Is

„Aan die front teen die Britse heerskappy gaan die stryd met welslae voort, danksy die stryd van die versmade Nasionale Party en die sogenaamde partypolitici. Die Afrikaanse taal het tot sy reg gekom, die volk het nie alleen nasionaal geword nie, maar ook republikeins...”

Hierdie woorde is deur adv. Eric Louw voorverlede Maandag in Pretoria voor „etlike honderde” gebesig, waar ook adv. J. G. Strydom teenwoordig was. Ons wil nie ingaan op die „welslae” van die H.N.P. se stryd wat so groot is dat hul Transvaalse leier darem „etlike honderde” kan toespreek op dieselfde terrein waar die O.B.-leier ’n paar weke gelede agtduisend Afrikaners toegesprek het ten spyte van die stryd van die H.N.P. nie.

Ons wil net daarop wys dat die H.N.P. stry vir die voortbestaan van die partystelsel en as gevolg van die partystelsel baat die H.N.P. se stryd in belang van ons taalregte so weinig dat die Radioraad ’n paar weke gelede drie Afrikaanse lede, onder wie die voorsitter, verloor het. In hul plek is drie Engelse aangestel. Dit is die vrug van die H.N.P. se taalstryd onder ’n partystelsel! Die Ossewabrandwag strewe na groter bestendigheid as hierdie soort „welslae”.

In die tweede plaas beweer mnr. Louw dat die Nasionale Party die volk republikeins maak het. Ons vrees die teendeel is die waarheid. Elkeen wat bekend is met die feite sal weet dat die volk die Party republikeins maak het. Of sal mnr. Louw ons kan vertel waarom daar in 1936 ’n skeuring in die Transvaalse Nasionale Party gekom het, toe een van die driemanskap, dr. C. J. H. de Wet, met sewe hoofbestuurslede bedank het? Was dit nie omdat die Nasionale Partykongres van Transvaal as gevolg van dr. Malan se druk oorreed is om af te sien van sy sterk republikeinse standpunt nie?

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodig hede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

HOU KOERS NA

Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders

Die Laan, Stellenbosch

TWEE VLAE IN REPUBLIEK?

Dit wil nou voorkom of daar nie so ’n eensgesindheid oor die vlagvraagstuk bestaan as wat ons rede gehad het om ’n paar maande gelede te glo toe dr. Malan „met blydschap” die Ossewabrandwag-vlag van die Randse vroue in ontvangs geneem het met die oog op hysing in die Republiek nie.

Op die kongres van die Jeugbond verlede week in Johannesburg het mev. S. Moerdyk ’n Vierkleur aan adv. Eric Louw oorhandig ook op voorwaarde dat dit in die Republiek moet wapper. Die Partyleiding het dus nou twee vlae wat albei aanvaar is vir hysing in die Republiek. Met die oog op die maklike oplossing wat dr. Malan in 1927 gevind het vir ’n Unievlag, toe daar ook tussen twee vlae gekies moes word, sal dit daarom seker nie ’n vraagstuk oplewer nie. Partypolitiek vind gou ’n uitweg, al is dit ’n kompromis-vlag.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

AFRIKANER-KLEREMAKER!

Foon 5-1486

- Vir u volgende Pak • Billike Pryse
- Werk Gewaarborg • Beste Materiaal

N. C. KOCH

Soutrivierweg 51 — Soutrivier

Ons Posbestelling-Afdeling

Beweeg daeliks.

Om uself te oortuig

Bestel van ons.

K.M.B.

Silva Mans- en Seunsuitrusters

Fluweel Ry-
broeke £4-15/-
Bestel vroegtydig
Voorrade
Beperk
Stuur u mate

Pretoria
Kommando's
Bring ons ’n be-
zoek en onder-
steun ’n goeie
Afrikaanse saak

TOT U DIENS!

SILVA (Edms.) Bpk.

ORION-GEBOU
Voortrekker-Weg 386 A
CAPITAL PARK
PRETORIA

NUUS!!

VIR ENIGLETS wat u mag nodig hê, veral RUBBER
STEMPELS, skryf aan:—

TAFELBERG INDUSTRIË

Kohlingstraat 16,

Kaapstad.

MARKAGENTS KAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik,
weekliks, maandeliks of soos
verlang.*

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

VOLKSKAS

IS U EIE



BANK!

Fondse oorskry £1,800,000.

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

GEVRA

*50000
Afrikaners
wat graag hul
eie tabak wil rook
en wat hul handelaar
om "Patriot"
sal vra.*

**VOORBRAND TABAK-
MAATSKAPPY (Edms.) Bpk.**
Kommissarisstraat 200,
JOHANNESBURG.

VAN ZYLS

HOOFSTRAAT

PAARL

MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS
Voorsieners in Sportbenodig hede

GROOT VERSKEIDENHEID TENNIS-RAKETTE

MAXPLY FORT	£4 5 0	FRED PERRY SPECIAL	£3 15 0
MAXPLY TOURNAMENT	£4 2 6	SWIFT STROKE	£3 15 0
ALICE MARBLE	£3 15 0	CLUB	£2 15 0
ALICE MARBLE JNR.	£2 15 0	KING	£1 15 0
		OLYMPIC	£1 12 6

HERSNARING VAN RAKETTE £1-15-0 — BESTE SNARE.
SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS.

OOK OP — PORTERVILLE

TE KOOP

Opreg en Suivergeteelde
WANGANELLA-SKAAP RAMME
FRIESLAND-BULLETJIES

en
**GLADDEHAAR BOERBOK-
RAMME**

Pryse Billik!!

Tevredenheid Gewaarborg.

Besonderhede van:

T. B. JORDAAN

P.S. Buffelsfontein, SOMERSET-008.

DIE O.B., WOENSDAG, 12 AUG. 1942.

DIE OORSAAK

Die Ossewabrandwag het met dankbaarheid jeens God kennis geneem van die besluit van die Regering om die doodvonnis wat op ons twee broers, Visser en Van Blerk, gerus het, te versag. Dit was 'n wyse besluit in die omstandighede en ons kan slegs die hoop uitspreek dat die Regering die oorsake wat tot so 'n vonnis gelei het, ook nou sal wegruim. Die Ossewabrandwag het van die begin af volgehou dat dit gevaarlik is vir 'n Regering wat 'n oorlog op die gevestigde volk van die land afgedwing het, om daardie volk met allerhande kleinlike optrede te tart. Hoewel die O.B.-leiding nog steeds daarin geslaag het om die orde, wat reeds tydens die Soldate-onluste gedreig het om te verval, te handhaaf, word dit al moeiliker om dit te doen waar die Regering met die een tartende regulasie na die ander te voorskyn kom.

Wanneer die Regering die skyn begin gee dat reg en geregtigheid van hom gewyk het, soos by voorbeeld in die geval waar skuldbekentnisse van Afrikanerseuns afgepers word deur maandelange opsluiting, en die willekeurige aanhouding in gevangenissonder verhoor van manne wat later of vrygelaat of vir 'n geringe oortreding 'n boete opgelê word nadat hulle vir solank as ses maande opgesluit was, word daar 'n sielkundige toestand geskep wat op sy minste grens aan wanhoop. En wanneer iemand eers die slagoffer geword het van wanhoop, is verdere Noodregulasies die laaste redmiddel om so iemand van wanhoopsdade te weerhou. Nóg die Ossewabrandwag nóg die Noodregulasies self sal by magte wees om sulke wanhoopsdade te voorkom.

Wat hierdie toestand des te gevaarliker maak, is die optrede van Sy Majesteit se Opposisie wat ook 'n wanhoopstryd aan die een kant voer, maar 'n wanhoopstryd nie teen die Imperialisme nie, dog vir die behoud van 'n stelsel wat tot ondergang gedoem is omdat die onverbiddelike tydsgees hom reeds die genadeslag toegedien het, en nie die Ossewabrandwag nie. Vir die behoud van hul party wat vanselfsprekend deel uitmaak van die Britse demokratiese partystelsel, is hierdie politici besig om die Afrikanerdom te verdeel en om die volk se dissipline op 'n afgryslike wyse te vernietig. Tydig en ontydig word lede van die Ossewabrandwag wysgemaak dat hul leiers nie te vertroue is nie. Die een dag word vertel dat hulle met Smuts skakel en die ander dag dat dieselfde leiers teen Smuts wil rebelleer. Die een dag word die volk diets gemaak dat hy sy vryheid net van Duitsland te wagte is en die ander dag dat ons bedank vir 'n republiek wat Duitsland ons sal gee omdat hy sal lyk soos Duitsland hom wil hê — en dit alles net om die Ossewabrandwag tot niet te maak.

Die vertroue wat in die Ossewabrandwag bestaan het as 'n beskermingsorganisasie wat die teenwig moes vorm van die aanslae van 'n bewind wat reeds laat blyk het dat hy geen grense erken nie, word ondergraaf en waar hierdie beweging die waarborg van ons vryhede en regte moes wêes, is die dwase optrede van die politici slegs daarop bereken om die Afrikaner tot nog groter wanhoop aan te spoor.

Sonder vertroue, sonder beskerming en oorlaai met die dooie gewig van 'n stuiptrekkende politieke party wat worstel om sy eie selfbehoud op 'n oomblik wanneer die verenigde kragte van die Afrikanerdom geroep word tot die uiterste selflose inspanning tot vrywording, staan menige strydende Afrikaner vandag blootgestel aan die Middeleeuse metodes van die Smutsbewind. As jong stryd lustige Afrikaners in hierdie toestand van ontwrigting losbreek en hul toevlug neem tot wanhoopsdade, dan sou selfs 'n partypolitikus dit begryplik gevind het, was dit nie dat hy daarin die geleentheid sien om politieke munt te slaan deur dit toe te skrywe aan „verkeerde leiding” nie.

Gelukkig vir die Afrikanervolk staan die (Vervolg in volgende kol.)

TWEE LEIERS EN TWEE SLAGOFFERS

Met die oog op die herhaalde openlike en bedekte aanvalle deur die partypolitici op die Ossewabrandwag tydens die dae waarin twee jong Afrikaners onder die skaduwee van die galg verkeer het en hul uiterste pogings om politieke munt vir hul party uit die onaangename gebeure te slaan, terwyl ons verkies het om in dié omstandighede te swyg, ag ons dit nou nodig om kortliks die houding van die Ossewabrandwag teenoor dié van die Partyleiding te stel ten einde die verskil aan te toon tussen die gees van die twee onderskeie leiers wat albei vir Afrikanervryheid en -eenheid veg. Ons kan dit die beste doen deur dr. Malan se oproep teenoor dié van dr. Van Rensburg te plaas.

Dr. Malan se oproep lui as volg:

„Ek en my Party is op generlei wyse by hierdie saak betrokke nie. By herhaling het ek deur my openbare optrede probeer verhoed dat mense hulle tot geweldpleging laat lei. Met des te groter vrymoedigheid kan ek dus in naam en in belang van Suid-Afrika hierdie beroep om genade doen.

„Ek tree nie tussenbeide ter redding van volgelingen of aanhangers nie. Ek vra vrystelling van die doodvonnis vir mense wat self, en wie se vriende miskien nie ondersteuners van die H.N.P. of sy leier is nie. Die daad van genade is na my mening absoluut noodsaaklik, soos reeds aangedui omdat die geskiedenis van Suid-Afrika die voltrekking van so 'n vonnis onder die huidige omstandighede en met inagneming van die Afrikanerdom daarteenoor, in so 'n lig sal plaas dat dit die verreikendste terugslag sal kan hê vir vreedsame samelewing alhier, selfs wanneer die huidige moeilikhede verbygaan. Daarby kom ook elkeen se gevoel van menslikheid in opstand teen die voltrekking van die doodstraf in hierdie geval.

„Twee jong mans sou naamlik dan die slagoffers word nie net van onverstandigheid en onnadenkendheid wat gelei het tot 'n oortreding waarvoor die doodvonnis alleen deur 'n regeringsnoodregulasie en nie deur die landswet van die Parlement verpligtend gemaak is nie. Meer nog — die jong mans was klaarblyklik instrumente in die hande van ander. Die ander, wat die gedagte aan geweld geplant het, of wat selfs bevele gegee het wat so gehoorsaam is,

loop vry omdat die gereg op hulle geen houvas het nie.

„Die veel minder skuldige instrumente daarteen moet die hoogste prys betaal. Waarvoor? Omdat hulle verkeerd gelei is. Daarop ook baseer ek my beroep op die Regering om die vonnis te versag.” Dan gaan die stuk voort om te beduie dat dit die eerste geval is waar die noodregulasie in werking tree.

Uit die stuk blyk veral twee dinge: (1) Dat dr. Malan die twee Afrikaners verstoot as nie behorende tot hom en sy party nie; (2) dat hy die skuld nie op die Regering pak nie, maar op ander Afrikaners „wat bevele gee”.

DR. VAN RENSBURG

Hierteenoor staan dr. Van Rensburg se oproep wat vir homself spreek:

„Ons Kamerade Visser en Van Blerk”

„Deur hul anti-nasionale oorlogsbeleid het die Empire-regering in Suid-Afrika gevoelens ontteken wat nie deur die gewone landswette beheer kan word nie.

„Hulle het derhalwe hulle toevlug geneem tot Noodregulasies wat o.a. die doodvonnis vereis in gevalle van politieke misdade soos sabotasie.

„Die doodvonnis bly opsioneel in gevalle van die brutaalste aanranding van kaffers op blanke vroue maar dit word gebiedend op twee jong Afrikaners soos ons broers Visser en Van Blerk.

„Die doodvonnis is dienooreenkomstig deur die hof gevel.

„Afrikanergevoelens loop so hoog dat enige vonk 'n ramp kan veroorsaak.

„Die gevoelens van die Ossewabrandwag teenoor ons twee gewonisse broers is kortliks, dat hulle ná bykans drie jaar van uittarting deur noodregulasies en skreiende onreg teen mede-Afrikaners in die Regering se tronke eindelijk tot 'n daad, 'n wanhoopsdaad, oorgegaan het uit selflose motiewe.

„Omdat woordelike proteste buite sowel as binne die Parlement geen die minste uitwerking gehad het nie.

„Die Ossewabrandwag voel dit en voel tewens ook dat die allergrootste gevaar van die volgende dae van spanning slegs deur gedissiplineerde optrede vermy kan word. Dit is derhalwe 'n bevel dat geen offisier of manskap van die Ossewabrandwag in die volgende dae sonder bevel sal handel nie. Ons krag lê in ons gesamentlike dissipline.

„In die geval van ons twee broers bid ons God dat My hulle en ons die nodige krag sal gee om ons plig te doen soos ons dit sien en ons glo en weet dat die genade by God berus en die verantwoording by die Regering.”

WAT DAN . . . ?

Dr. Malan het 'n versoekskrif om genade laat onderteken waarin hy ander Afrikaners „wat bevele gee” by die Regering aankla as die skuldiges wat gestraf moet word. Daardeur het hy duisende Afrikaners mislei om sy aanklag teen mede-Afrikaners te onderskryf.

Ons wil net een vraag stel: Indien die Regering nou sou oorgaan om daardie leiers wat bevele gee — net soos Jopie Fourie ook 'n leier was wat bevele gegee het — met die dood te straf, sien dr. Malan kans om dan ook genade te vra? En sal die Regering hom dan nie beroep op dr. Malan se aanklag nie, net soos Rhodesië se regering hom onlangs op dr. Malan se aanklag beroep het ter regverdiging van sy optrede nie?

„REBELLE GEJAAG”

Die partypolitici is vandag baie wantrouig teenoor iemand wat „rebelles gejaag het” — behalwe as so 'n persoon van die smet gereinig is weens sy lidmaatskap aan die H.N.P.

In die oog van hierdie mense is dit so 'n eer om in 1914 te gerebelleer het (en tereg ook), dat selfs dr. Malan, wat in die rebellie geen aandeel gehad het nie, vandag geëer word net omdat hy vir die Rebel Jopie Fourie om genade gaan vra het.

Aan die anderkant maak hierdie mense die volk wys dat die Ossewabrandwag 'n klomp rebelle is en daarom gestenig moet word. Ja, dr. Malan neem die Regering selfs kwalik omdat hy „die leiers” laat vryloop.

M.a.w. dr. Malan en sy party is vandag besig om „rebelles” te vervolg.

Besef hulle nie dat hulle oor 'n paar jaar miskien uitgekryt sal word vir rebelles-jaers nie? Of hoop hulle om dan ook in tel te kom op grond van die genade-pleidooie wat hulle vir veroordeelde „rebelles” wat „nie hulle mense is nie”, gelewer het?

(Vervolg van voorgaande kol.)

Ossewabrandwag vandag nog heg ondanks die aanslae van Sy Majesteit se Regering en Sy Majesteit se Opposisie. Binne hierdie organisasie staan nog tienduise Afrikaners wat weet watter antwoord om te gee as die roepstem van die Vaderland weerklink. Hierdie tienduiseendes het die volste vertroue in daardie leiers wat selfs in die skaduwee van die dood die ongelukkige slagoffers van 'n dwase bewind nie verstoot as „ander se mense” nie, maar hulle omhels as medebroers wie se selflose oorwegings in die pleeg van 'n wanhoopsdaad van groter waarde geag word as die politieke propaganda wat uit hul toestand geslaan kan word.

Partypolitiek het Republikanisme Ná Vorige Oorlog Laat Sterf

Op Vryheidspad Wat Politici Bewandel Word Ideale van Volk vir Stemme Verkwansel

Op 'n vergadering onlangs op Ermelo het adv. Eric Louw beduie dat die Ossewabrandwag geen beleid insake die verkryging van die republiek het nie, maar dat die H.N.P. se standpunt baie duidelik is. As Duitsland wen, sal dr. Malan met Hitler onderhandel; loop die oorlog op 'n dooie punt uit, sal daar „'n ontnugtering” wees en „ook dan sal die H.N.P. aan bewind kom,” of as Engeland wen, „SAL DIE H.N.P. VOORTGAAN OM DIE STRYD TE VOER SOOS NA DIE BRITSE OORWINNING IN 1918.”

Aangesien adv. Louw ook profeteer dat die O.B. in die laaste geval sal verdwyn, ag ons dit ons plig om die beleid van die H.N.P. (as die enigste oorblywende wapen) aan die hand van 1918 se voorbeeld duideliker te omlyn. Volgens adv. Louw is vryheid blykbaar onmoontlik tensy die volk vooruit duidelik ingelig word. Ons sal die inligting dan gee.

Die partypolitieke wapen het ons volk tot so 'n magteloosheid verstomp dat genl. Hertzog in 'n poging om die partypolitiek uit te skakel na agt jaar van vrugteloosheid oorgegaan het tot samesmelting van die bestaande partye. In daardie daad het opgesluit gelê die erkenning van die partypolitieke onmag. Nie alleen was die vryheidsideaal na agt jaar van die baan nie, maar ook genl. Hertzog se troetelideaal—oplossing van die natuurlike vraagstuk—kon na herhaalde pogings weens partypolitieke dwarstrekery nie tot verwesenliking kom nie.

Hier is in kort die geskiedenis van hoe die Nasionale Party „na die Britse oorwinning van 1918 voortgegaan het om die stryd te voer” (waar ons name van persone noem is dit nie om hulle te verwyte nie, want die beste staatsman is magteloos om iets met die partypolitieke wapen uit te rig):

In 1918 was die republikeinse ideaal dwarsdeur die land so sterk dat selfs die Sappé hulself republikeins moes voordoen. So doen genl. Schalk Burgers, vooraanstaande Sap, op 5 Augustus 1918 die volgende verklaring: „Hoewel ons ronduit verklaar dat ons altoos republikeins was en hoop om 't ook altoos te bly, bly ons ook daarby dat geweld alleen ons die verlore republiek kan terugbesorg.”

Selfs genl. Botha antwoord op 'n vraag of hy daarvoor sal wees as 'n republiek langs konstitusionele weg verkry word dat hy nie so dwaas sal wees om dit teen te staan nie, maar eers moet die Engelse se steun gewen word.

In Desember 1918 vind twee tussenverkiesings in Kaapland plaas, naamlik Ladismith en Riversdal, waar die Nasionale Party die stryd in belang van die vryheid voer. Oor die uitslag skryf Die Burger as volg: „De uitslagen brengen de genadeslag aan de bewering dat de Afrikaners van de Kaapprovinsie niet onder de republikeinse gezinden kunnen gerekend worden. By de verkiesing was de onafhankelijkheidskwestie het hoofdpunt.”

Dus, ook Kaapland was daardie tyd republikeins, en het dit nie eers later geword nie, soos vandag van party-kant beweerd word.

Vryheidsdeputasie.

In Januarie 1919 loop die vryheidstrewer van die Nasionale Party uit op die Vryheidskongres in Bloemfontein waar 'n vryheidsdeputasie gekies word om die vryheid in Europa te gaan eis. Op daardie dag het dr. Malan gesê dat die bestaan van die Unie geen struikelblok in die weg van vryheid mag wees nie. „As ons die Unie afbreek, breek ons dit af om dit opnuut op te bou en dit op 'n ander en beter fondament, want soos die Unie nou is, berus dit op 'n fondament van onreg,” het dr. Malan verklaar. (Die Burger 17 Jan. 1919.) So sterk was die vryheidstrewer dus dat die leier van Kaapland selfs die Unie wil opbreek om die ideaal verwesenlik te kry!

Teen die einde van 1920 vind die samesmelting plaas tussen die Suid-Afrikaanse en Unionistiese Partye. Deur hierdie daad het genl. Smuts sy meerderheid in geval van 'n verkiesing verseker, en die Nasionale Party moes die

hulp van andersdenkendes inroep om Smuts te lig. Toe die verkiesing in Februarie die volgende jaar plaasvind, word die republikeinse ideaal deur die H.N.P. geskrap—binne twee jaar na die geweldige republikeinse demonstrasie in Bloemfontein!

Die Nas. Party vaardig op 9 Desember 1920 'n manifest uit met die volgende verklaring: „Soos genl. Smuts in sy toespraak in Pretoria op 3 Desember erken het, is die ideaal van die N.P. soewereine onafhanklikheid op die regte tyd. Daar nou die regte tyd na ons oordeel nog nie daar is nie, so het die N.P. die reg om, sonder die minste afstand te doen van haar strewing na vryheid, te sê dat sy die kwessie nie by die eerskomende eleksies tot stemming wens te bring nie. . . . Sy gaan by hierdie eleksies geen beroep doen op die volk vir magtiging tot 'n republiek nie. . . .”

Daar het u dit! Toe die volk sy republiek by die stembus moes gaan haal, is die vryheidsvraagstuk terwille van 'n paar Sap-temme soos 'n gewone „plank” op die lange baan geskuif!

DIE BONDGENOTE

Die Ossewabrandwag is deur dr. Malan, Die Burger, Die Volksblad en Die Transvaal aan die een kant en veldm. Smuts, Cape Times, Argus, aan die ander kant, gerugsteun deur die Kommuniste, tot gemeenskaplike vyand (vyand no. 1) verklaar. Gesamentlik tree hulle ewe vyandig, ewe venynig, ewe beslis teen die O.B., die republikeinse volksbeweging, op.

Wat die stryd teen die O.B. betref, bewandel hulle een-en-dieselfde pad, het hulle een-en-dieselfde doel en bereik hulle een-en-dieselfde resultaat—die verbroekeling van die Afrikanerkragte.

Die een is nie minder vyand van die O.B. as die ander nie.

Dr. Malan met sy hele pers en leër van politieke trawante, net soos veldm. Smuts met sy pers en leër, veg skouer aan skouer teen die O.B. Daar is geen verskil in hul vyandigheid nie, net in hul metode en magte. Die een tree as AANKLAER op, die ander as BEUL.

So vul hulle mekaar aan in hul vernietigingsstryd teen die O.B.

Die N.P. se verkiesingsplank is nou ekonomiese vraagstukke, en al verwysing na die republiek is om te beduie dat dit nie die Party se strewe is nie! So sê dr. Malan o.a. op die Kaapse kongres in Oktober 1922 (Die Burger 1 Nov. 1922): „Republikanisme is nooit as partybeginsel aanvaar geword deur enige Nasionale Partykongres nie. Die verste wat die party as party ooit gegaan het, was om op te kom vir die vryheid van elke burger om sy mening omtrent die beste regeringsvorm vir Suid-Afrika uit te spreek. Selfs die Vryheidsdeputasie het nie vir 'n republiek gaan vra nie. . . .”

REPUBLIEK 'N PAAIBOELIE!

Die Nas. Party moes noodgedwonge hulp by die Arbeidersparty gaan soek ten einde in die kussings te kan kom, en vir daardie doel is die republikeinse ideaal prysgegee. Daarom sê dr. Malan op dieselfde dag: „Republikanisme, rasschaat en die begeerte om die kleurling- en natuurlike bevolking te onderdruk, wat almal die Nasionale Party stelselmatig aangesmeer word,

word vandag tereg aangesien as paaiboelies. . . .”

Ja, toe is die republikeinse ideaal selfs 'n paaiboelie wat die party van vyandelike kant aangesmeer word!

So het die republikeinse ideaal terwille van partyvoordeel al meer en meer op die agtergrond geraak totdat in 1926 daar 'n beweging aan die gang gesit word om artikel 4 van die Party se konstitusie, die republikeinse artikel, te skrap. Op 9 Desember skryf Die Volksblad: „Ons is oortuig dat die Nas. Party ook met die eerste geleentheid artikel vier in daardie sin sal verander. Die Nasionale Party was nog nooit 'n republikeinse Party nie.”

In 1927 is die republikeinse ideaal nie alleen oorboord gesmyt nie, maar nasionale leiers het toe selfs 'n loflied aangehef oor die Britse vryheid. So verklaar dr. Malan op 6 Oktober 1927 (Die Volksblad 7 Okt.) „Die vryheid wat ons vandag besit, is groter as die vryheid wat die gewese Republieke in die Vrystaat en Transvaal besit het. Om daardie rede sê ons ook vandag dat daar 'n end in Suid-Afrika gekom het aan wat die afskeidingsbeweging genoem is. . . . Hollandssprekende Suid-Afrika wat tevore nie in die Britse vryheid geglo het nie, glo vandag daarin as 'n werklikheid.”

Binne die korte tydperk dus van sewe jaar het die partypolitiek die republikeinse ideaal afgewater totdat dit verdwyn het en in die plek daarvan Britse vryheid aanvaar is!

Dit is die weg wat adv. Eric Louw voorstel om die republiek te verkry! En as ons in aanmerking neem dat politici nou al vry na die stem van die terugkerende soldate, neem dit glad nie 'n profetie om te voorspel nie dat die „republikeinse plank” van die H.N.P. in so 'n geval binne twee jaar na die oorlog weer plek sal maak vir „ekonomiese planke” waarin die hoofnadrak gelê sal word op die beloftes van die Smutsregering insake nedersettingsplase en indiensname van soldate-werkers.

Dit het eenmaal gebeur. En dit sal weer gebeur, want 'n party is besorgd oor die aantal stemme wat hy kry, en nie oor die ideaal van 'n volk nie. Daarom is die party-leiers die een dag republikeins en die ander dag anti-republikeins—net soos hulle die een dag pro-Duits is en die ander dag anti-Duits namate die oorlog vorder of nie vorder nie!

FUNKSIE OP HERTZOGVILLE

Komdt. J. W. van Rensburg deel mee dat die kommando Hertzogville (O.V.S.) op 22 Junie 'n besonder geslaagde funksie gehad het. Lede van die H.N.P. het, hoewel daar kort tevore 'n vergadering gesamentlik gehou was met die oog op eenheid, en hoewel hulle vroegtydig van die funksie in kennis gestel was, soos een man weggegly. Dit het die Brandwagte egter aangespoor tot groter pogings.

Die funksie het die vorm ingeneem van 'n sportdag. Daar was 'n pragtige opkoms en almal het ywerig deelgeneem aan perdesport en ander nommers soos jukskei e.d.m.

In die middag het ds. S. J. Stander 'n kragtige rede gehou en in die aand is pryse in die kerksaal uitgedeel waar 'n groot opkoms was en die res van die aand is met volkspele deurgebring. Die opbrengs was £40.

BEHANDELING VAN GENL. NEL

Genl. O. L. Nel, A.K.G. van Natal, wat onlangs in Bloemfontein net voor die sitting van die Grootraad in hegtenis geneem is, is weer op vrye voet nadat hy vir drie dae opgesluit was. Sy oefeninge moes hy saam met gedroste matrose en persone wat op aanklag van moord en diefstal aangehou word, neem. Hoewel hy in 'n polisiemotor na die tronk in Durban gebring is, is hy by sy vrylating voor die tronkdeur geios en moes hy op eie koste sorg om sy huis in Greytown te haal.

105 Takke
40,000
Lede

AVBOB

Reserwefonds
£90,000

Hoofkantoor:

St Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTENE

LIEWER AFRIKANERS IN DIENS AS ITALIANE

Die Regering doen 'n beroep op boere om Italiaanse krygsgevangenes in diens te neem. Met die oog egter op die baie Afrikaners wat deur hul werknemers ontslaan word as gevolg van die oorlogstoestand doen die O.B. 'n beroep op sy lede om geen Italiane in diens te neem waar hulle Afrikaners kan neem nie. Die Regering is verantwoordelik vir die versorging van die Italiane, maar vir die Afrikaners neem hy geen verantwoordelikheid nie, tensy hulle by die leer aansluit.

DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïntermeerde aan Die O.B. bekend gemaak.

	£	s.	d.
Reeds erken	3,976	12	3
Lys 173 De Doorns Manne-Kommando	16	10	0
Lys 148 Caledon	5	9	6
Marchand Vroue-Kommando	1	10	0
Porterville Vroue-Kommando	3	5	6
Offergeld Stellenbosch Vroue-Kommando	9	17	1

£4,013 4 4

TRANSVAAL TOT 1 AUGUSTUS.

	£	s.	d.
Reeds erken	7,071	18	5
Kwitantie No. 387 Kommando 9B7	4	8	6
" 388 Kommando 8C1	25	17	0
" 389 Kommando 9C5	1	17	0
" 390 Bydrae	4	12	6
" 391 Kommando 14A1	3	5	6
" 392 Kommando 9B6	4	13	1
" 392 Kommando 9B2	2	12	6
" 392 Kommando 9B1	2	0	0
" 393 Kommando 9B6	2	14	6
" 394 Bydrae	23	4	0
" 395 Kommando 1C4	1	10	0
" 395 Kommando 1C2	1	10	0
" 396 Bydrae	5	0	0
" 397 Bydrae	3	0	0
" 398 Kommando 9A7	4	19	0
" 399 Kommando 5B3	3	14	0
" 400 Kommando 1A4	1	11	0
" 401 Kommando 3A	9	8	0
" 402 Kommando 3C2	1	2	6
" 403 Kommando 2A3	2	10	0
" 404 Bydrae	2	0	0
" 405 Kommando 8B5	3	3	6
" 406 Kommando 8B6	19	0	0
" 407 Kommando 8B2	4	19	9
" 408 Kommando 8B1	3	9	0
" 409 Kommando 8A1	8	8	0
" 410 Bydrae	10	0	0
" 411 Kommando 8A2	4	9	2
" 412 Kommando 8A3	12	6	0
" 413 Kommando 8B5	3	10	0
" 414 Kommando 3C1	6	12	6
" 415 Van vriend	2	6	0
" 416 Kommando 4B2	6	16	0
" 417 Bydrae	5	0	0
" 418 Kommando 7B3	4	5	0
" 419 Bydrae	3	3	0
" 420 Bydrae	2	9	0
" 421 Kommando 10B1	52	0	0
" 422 Kommando 11C4	3	1	3
" 423 Generaal 5	25	0	0
" 424 Kommando 2C2	1	0	0
" 425 Bydrae	1	0	0
" 427 Bydrae	10	0	0
" 428 Kommando 3C4	8	13	0
" 430 Kommando 4B3	15	0	0
" 431 Kommando 8B3	9	11	6
" 432 Kommando 14A1	1	15	0

Totaal £7,346 15 8

La Belle Alliance

Private Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

alle moderne geriewe

Billike Terme

Eienaar: MEV. P. J. RETIEF.

Foon 2-8888

Ons Ontmoet alle Treine.

Kloofstraat. Kaapstad.

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat,
MIDDELBURG, Tvl.

Herefordstraat,
GROBLERSDAL, Tvl.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

AARTAPPELMOERE

TE KOOP!!

HANDUITGESOEK OM AUGUSTUS
TE PLANT.

ARRAN CHIEF en

EVERGOOD

Eiergrootte 20/- per sak.
Okkerneutgrootte 18/- per sak.

Vir 25 sakke en meer 1/- minder.

Vir 50 sakke en meer 2/- minder.

KONTANT MET BESTELLING.

JOHN SCHOEMAN

VLAKEPLAASSTASIE, K.P.

SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde
persone verkrygbaar.

Termes uiters billik.

Raadpleeg SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.



Die Afrikaner
se Koffiehuis

Foon 3-0520 Wandelgang
Groote Kerkgebou KAAPSTAD

Smaaklike Braalgeregte Saans.
Onthaal u vriende in die Koffiehuis.
RESEPSIES EN ONTVANGSTE.

DIE GOEIE HOOP

(KOOP.) HANDELSHUIS, BPK.

Voortrekkerweg,

Hoofweg,

Bellville.

Durbanville.

Foon 9-7184.

Foon 60.

KRUIDENIERSWARE — LAAGSTE
PRYSE.

MANS- EN DAMESKLERASIE.
DIE BESTE — DIE GOEDKOOPSTE.

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE

besoek

Steyns

PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK

KORRESPONDENSIEKURSUS

AFRIKANERS LUISTER HIER! — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukurse. Laasgenoemde kurse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van: Unie-Boekhoukollege, Posbus 32, Alexandria.

Geklassifiseerde Advertensies

GEBOORTE

MOUTON. — Ontvang van die Heer op 29 Julie, 'n sussie vir klein Louisa. Moeder en dogter wel. Ons dank aan dokter, verpleegster en ouma Theron. Mnr. en mev. Abie Mouton, Getukwaarts, Citrusdal.

IN MEMORIAM

HUMAN. — Onvergeetlik bly 9 Augustus 1941 vir ons, toe die dood uit ons buurtte tant Sannie van Elands-kloof weggeneem het.

Mnr. en mev. L. Groenewald.

Lucerne,
Greyton.

BENODIG

BENODIG 1 September 1942. — Bestuurder vir Plaas in Somerset-Oos distrik met goeie ondervinding van skaapboerdery en algemene plaasbestuur. Besonderhede aangaande salaris ens. van Lt. Kol. D. du P. Scheepers, Upsal, P.K. Somerset-Oos.

BENODIG dadelik. — Voorman vir Plaas, met uitgebreide kennis van skaap en gemengde boerdery. Besonderhede aangaande salaris en vooruitsigte verkrygbaar van Lt. Kol. D. du P. Scheepers, Upsal, P.K. Somerset-Oos.

TWEE jong Afrikaner-dogters. Een om kook waar te neem en een vir algemene huiswerk. Moet lief wees vir kinders en naaldwerk. Salaris £3 — £4 per maand volgens bekwaamheid. MEV. R. BARRY, REITZ-STRAAT, ROBERTSON.

AFRIKANER dogter om huis waar te neem vir 'n klein familie op plaas. Bediende word aangehou. Moet O.B.-gesind en goed gehumeurd wees. Salaris £2 per maand met vry inwoning. Skryf aan: A. J. WAHL (Jnr), P.K. Stofvlei, BITTERFONTEIN.

BENODIG: Jong meisie of ouerige vrou om ou dame te versorg. Salaris £2 per maand; bediende in diens; inwoning vry, moet 1 Sept. begin. Reiskoste betaal. Doen aansoek: Philip Kruger, Delpoortshoop.

GEVRA

FLUKSE ongetroude jongman met deeglike kennis van graan, wingerd en masjienerie. Aanvangssalaris met vry inwoning van £5 tot £6 per maand volgens getuigskrifte. Tree in verbinding met A. C. HAUPTFLEISCH, Hoogstede, AGTER PAARL.

BETREKKING GEVRA

HARDWERKENDE jong Afrikaner, getroud, 30 jaar oud, geen gesin, soek enige redelike betrekking in besigheid, winkel, kantoor of plaas. 1931 gematrikuleerd, 10 jaar ondervinding in kantoorwerk en gewoond besigheid doen. Sertifikaat in Boekhou, sertifikaat in Suiwel. Ander getuigskrifte van werk en ondervinding. Gewillig om 'n boerdery op te werk. Skryf dringend aan C. D., P/a. „Die O.B.,” Kamer 916, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

JONG getroude man wat in onguns geraak het by sy werkgevers omdat hy O.B.-gesind is, soek Klerikale betrekking. 5 Jaar ondervinding. Tans besig met privaatstudie vir die graad B.Com. Doen aansoek by No. 1, Die Sekretaris, Posbus 668, Bloemfontein.

O.B.-ONDEROFFISIER met vyf jaar ondervinding soek betrekking as Klerk in 'n Afrikaanse besigheid. Enige afdeling. Vir getuigskrifte skryf aan J. J. DU TOIT, De Rust, SENEKAL.

PLAAS TE KOOP

GOED bewerk met woonhuis en buitegeboue, groot 300 morg, 7 myl vanaf Durbanville. Op Durbanville-Klipheuwel pad. Grens aan Melish-Spoorweghalte. Besonder geskik vir graan, groente en melkery. Alle besonderhede van LEIBRANDT VAN NIEKERK, Mosselbank, P.K. KLIPHEUWEL.

TE KOOP

GOUDA KAAS in een- en tweepond kaase; baie goeie kwaliteit teen 1/3 per pond; gelewer op spoor. S. P. BEKKER, KLEINFONTEIN, TARKASTAD.

BOME: Geokkuleerde Pekaane-neutbome, Tung, vrugte en Rose. 20 jaar gevestigde besigheid. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus. RUDMANSE EDENVALE KWEKERY, EDENVALE NATAL.

AARTAPPELS! Goewerment sertifiseerde eerste na invoer. Canadian Green Mountain. Vanaf 1½ onse en groter, 27/6 per sak. Goed vir plant September—Oktober. Doen aansoek by P. W. COETZER, Bus 49 of Bus 20, CRADOCK.

BOORMASJEN: Star Paraffin boor (Le Rol Engine). Eersteklas werkende kondisie met alle toebehore. Kos £800 voor die oorlog. Gewillig om te verkoop vir £400. Doen aansoek: BOORMAN, P.K. Lehmannsdraif, QUEENSTOWN.

SOUT TE KOOP

BRANDWAGTE, om 'n eerlike bestaan te maak, vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. At 4/6, No. 1 4/-, fyn bottersout 6/6 per sak, 200 pond, fyn bottersout 3/6, 100 pond. Gelaai Soutpan, Martie Venter, Possak Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN.

KAROO KRAALMIS

BESTEL vroegtydig en wees verseker van aflewering. Karoo Kraalmis, fyngeemaal, geskik vir die gebruik met Kunsmistoestelle 27/- per 11 sakke-ton. 10 ton en meer 26/-. In u eie sakke 17/-. Vry gelewer Unie-stasies. J. A. SCHOEMAN, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.